View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Academy of Science of South Africa (ASSAf): Open Journal Systems

**Donatello en Volksie.**

Marion Erskine. 2010. Kaapstad: Tafelberg. 279 pp. ISBN: 978–0–624–04830–5.

*Chick lit* sou beskryf kon word as romans oor vroue, deur vroue, vir vroue. Kristin Fest (2009: 44) beskou dit as moderne sprokies of as ontvlugtingsliteratuur terwyl Pamela Butler en Jigna Desai (2008: 2) argumenteer dat dit verhale oor jong, merendeels wit vroue se "messy journeys of personal and professional growth" is. *Donatello en Volksie* is in 'n mate 'n uitsondering aangesien dit deur 'n man geskryf is, maar dit voldoen aan baie van die ander kenmerke wat tipies is van *chick lit*.

Hoewel *chick lit* nie noodwendig primêr liefdesverhale is nie, speel die liefde steeds 'n groot rol. Rosemary Gill en Elena Herdieckerhoff (2006: 496) verwys na die (vroulike) (hoof)karakters in *chick lit*-tekste wat SINBAD is – *single income, no boyfriend, absolutely desperate*. Dit is dan ook op hierdie punt van haar lewe dat die leser van *Donatello en Volksie* vir Zoë Zietsman aantref. Op Oukersaand sit sy by haar rekenaar, op soek na liefde aanlyn. Sy het geen kontak met haar ouers nie, geen kêrel nie, haar huismaat is uit vir die aand en haar hond is onlangs dood. (Dié se as is in 'n glasfles langs haar rekenaar).

Gelukkig laat die liefde nie op hom wag nie. Sy ontmoet Anton Badenhorst (kubernaam Donatello). Hy is dertig. Hy is 'n advokaat. Hy het "'n gerieflike huis wat uitkyk oor Johannesburg [...] en genoeg geld vir 'n gemaklike lewe" (62). En natuurlik ook 'n "spogmotor" (62). Hierteenoor is Zoë (ook bekend as Volksie) sewe en twintig, blond, 'n "genuine hippie" (12). Sy glo dat sterretekens aandui of mense "match" (13) en werk as assistent in 'n kruiemedisynewinkel en as joga-instrukteur.

Linda Coleman (2007) argumenteer dat *chick lit* voortbou op die "women's fiction" van outeurs soos Austen. Fest (2009) wys daarop dat, net soos negentiende-eeuse skrywers soos die Brontës, moderne *chick lit*-outeurs se hoofkarakters spanning ervaar tussen hulle professionele en persoonlike lewens en dat hul geluk dikwels daarvan afhang dat hulle die persoonlike bo die professionele of openbare kies.

Die heteronormatiewe aard van *chick lit* (Butler en Desai 2008: 2) en die spanning tussen tradisionele beroepe en persoonlike verhoudings word op 'n interessante maniere benader in *Donatello en Volksie*. Ambisieuse beroepsvroue word as onvroulik voorgestel (vgl. Fest 2009). "Juffrou Vosloo" (119), die Krokodil gedoop deur Zoë, is een van die senior vennote by die praktyk waar Anton werk. Nie een van die vennote word positief beskryf nie, maar Juffrou Vosloo kom die slegste daarvan af – sy het 'n enorme kakebeen (119), 'n "hoë, skril stemmetjie wat Zoë aan 'n skeermeslem herinner" (120) en dra 'n "tipiese outannie-rok" (119). Van al die vennote behandel sy Zoë die stiefste en, soos haar naam suggereer, kry sy net soos 'n juffrou vir Zoë voor stok wanneer sy haar wangedra.

Juffrou Vosloo is ook Anton se ma se beste vriendin. Dit is dus nie verbasend dat hulle albei reken dat Anton 'n vrou moet kry wat pas by sy professionele status nie, een wat naatloos in die wêreld van bloedlose menslike verhoudings sal inpas.

Zoë se menseverhoudings is allermins bloedloos. Maar hierdie warm verhoudings neig almal terug na sogenaamde gesinswaardes. Haar vriendin Taryn het grootgeword in 'n liefdevolle gesin (vgl. 29–36). Maar die leser kry nie baie te sien van Taryn nie; dalk omdat sy 'n groter seksuele aptyt het as die mans met wie sy verhoudings aanknoop (31) en omdat sy reken "[u]ntil death do us part is a long long [sic] time" (36). 'n Ander vriendin, Hettie, is deur haar familie verwerp omdat haar man haar verlaat het en sy hul kind alleen wil grootmaak. Ná die kind se geboorte is Hettie se ma egter so "trots op

haar nuwe status as ouma" dat sy "haar dogter om verskoning [vra] vir al die lelike dinge wat sy kwyt geraak het" (266).

Die enigste 'warm' verhouding wat Anton het, is met Dorothy Moletse, "reeds die afgelope agt en dertig jaar deel van die Badenhorst-huishouding" (65). Sy dien as surrogaatma. Sy noem Anton "Boetie" en verwys na hom as haar "kjênd". Aan die einde van die roman word sy "Anton se eintlike ma" (279) genoem. Haar band met Zoë word gesmee wanneer Zoë met haar Tswana praat. Dorothy se besorgdheid oor Anton en Zoë se verhouding is dan ook een van die redes vir die redelik voorspelbare ontknoping.

Een van die roman se subtekste is dus dat 'n goeie ma een is wat haar kind onvoorwaardelik aanvaar, haar kind se belange op die hart dra en selfs haar kind se belange bo haar eie plaas. Die ring wat Zoë gebruik wanneer sy Anton vra om met haar te trou, is immers Dorothy s'n.

Vir vroue wat nie voldoen aan hierdie waardestelsel nie, is daar altyd kans om wel "goed" te word. Zoë self het aanvanklik met 'n motorfietsryende vandaal uitgegaan, maar teen die einde van die roman droom sy daarvan om vir swanger vroue joga te gee en is sy en Anton op pad na die kansel.

'n Tweede subteks is dat leë materialisme verwerp moet word, veral as dit met gesinswaardes bots (net soos in negentiende-eeuse romans). In *Donatello en Volksie* verwerp Zoë uit die staanspoor die verbruikerskultuur. Later in die roman verbreek Anton kontak met sy ma en bedank hy by sy werk omdat sy ma en Juffrou Vosloo in sy lewe inmeng (263).

Ondanks die manlike skrywer is *Donatello en Volksie* dus redelik tipiese *chick lit*. En daar is sekerlik lesers wat dit sal lees omdat dit ontvlugting bied en wat al die absurde situasies waarin Zoë (en gevolglik Anton) beland, sal geniet. Maar 'n mens wonder of daar nie te hard probeer word om snaaks en spitsvondig te wees nie – by tye raak Zoë se groeiproses net te morsig, te ongeloofwaardig. Hoewel absurde situasies in verleentheidskeppende openbare omstandighede (Campbell 2006: 488) dikwels deel kan wees van *chick lit*, kom daar 'n punt dat 'n mens, saam met Zoë, net wil vra: "[h]oekom kan niks net nooit normaal verloop nie?" (199).

**Verwysings**


Butler, Pamela en Desai, Jigna. 2008. Manolos, marriage, and mantras. Chick-lit criticism and transnational feminism. *Meridians: Feminism, Race, Transnationalism*, 8(2): 1–31.

Campbell, Patty. 2006. Sand in the oyster. The *lit* of chick lit. *The Horn Book Magazine*, (Julie/Augustus), 487–91.

Coleman, Linda S. 2007. Chick lit: The new women's fiction. *Journal of American Culture*, 30(1): 118–19.

Fest, Kristin. 2009. Angels in the house or girl power: Working women in nineteenth-century novels and contemporary chick lit. *Women's Studies*, 38: 43–62.

Gill, Rosemary en Herdieckerhoff, Elena. 2006. Rewriting the romance. New femininities in chick lit? *Feminist Media Studies*, 6(4): 487–504.



*Lenelle Foster*
Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch